Uitgawe 2
2015

Hoërskool Zastron

# Die Eggo

R10

## Zassies Nuus Nuus Nuus

**Baie geluk juf. Estelanie!!**



Hy het gevra... natuurlik het sy JA gesê!

# Cheetahs vs Bulls

**"Don't you worry, don't you fear... It only happens once a year!!"**

Meneer Dawie verjaar! Die Cheetahs het gedink hulle sal wen. Inderdaad. Hulle klop die Bulle, die eerste keer in die geskiedenis, met 'n negatiewe telling, want die Bulle se spelers weet duidelik meer van partytjie hou as van rugby speel. Die kommentators het dit duidelik laat blyk aan wie se kant hulle is.


20 Mei stap meneer Dawie in die verlate skoolgange rond en wonder wat die keer op hom wag. Dis buitengewoon stil en daar is nie 'n siel in sig nie. WAAR IS ALMAL? Staak Zatron se onderwysers dan ook? Gelukkig is die lewe vol verrassings en sy vrees is van korte duur.

Al die Super 15 rugbyspanne staan in 'n erewag en verwelkom hulle eregas met ope arms. Die dag is vol opwinding, humor, gesels en gelukkig baie min beserings. Die telling op die telbord laat menigte se koppe sak, maar die Bulle speel asof hulle met die beker huis toe gaan.

Die uiteinde van die hele gedoente laat sommiges aan die skeidsregter se bekwaamheid twyfel, maar dit daar gelaat. Die Cheetahs (onderwysers) verdien tog die wen, want hulle is 'n span met vele talent.

Ons het geleer, 'n mens hou nie op speel omdat jy oud word nie, maar jy word oud omdat jy ophou speel. Zastron se personeel, veral Mnr Dawie, is verseker nog glad nie aan die "ou" kant nie.

Janet Malherbe



IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Anonieme Brief | 3 |
| SPORT | 4—11 |
| Tannie Santie verjaar | 12 |
| Matrieks | 15 |
| Vrou van staal | 16 |
| Koshuis kaskenades | 17 |
| Henco Venter | 23 |


**ONS HET MNR. DAWIE GAAN VRA WATTER VERJAARSDAE HY ONTHOU!**

| 18de verjaarsdag geskenk. | Geld | Verjaarsdag wat hy oor sal wil hê | Om weer 17 te wees |
|---|---|---|---|
| Grootste geskenk tot dusver | Vrou & kinders | Grootste geskenk van juf. Marietjie | Goeie vraag...sy gee praktiese goed |
| Verjaarsdag wat die beste onthou word | Die dag net voor Behan gebore is | Daai 80ste droom geskenk?!?! | Ski-diving :) |

Madri Goosen

## BRIEF DEUR DIE REDAKTRISE

Deur al die geswoeg, gesweet en gespartel van so 'n rowwe kwartaal kry mens skaars tyd om tot stilstand te kom en die mooi dinge rondom jou waar te neem. Die mooi dinge, die belangrike dinge, die klein dingetjies en die dinge wat net vir 'n oomblik daar is en vir altyd onthou moet word. Dis die dinge waarby ek en jy elke dag verby jaag.

Partykeer het mens net 'n goeie vriend nodig om jou uit die realiteit te ruk en vir 5 min stil te raak. Die lewe is soos 'n gejaag van klomp karre al wat jy nodig het om te doen is om uit te klim. Het jy al die spreekwoord gehoor: "die boog kan nie altyd gespan wees nie"? (Mens kan nie altyd besig wees nie) So ontspan jou boog en geniet die rustige oomblikke.

So deur die kwartaal se chaos sê almal mos altyd, hoe meer jy doen hoe meer kry jy gedoen. Dit beteken nie dat mens nooit mag rustig wees nie. Almal het soms net 1 oomblik nodig om die klein dingetjies waar te neem wat regtig iets beteken. As jy altyd haastig is op pad na die volgende oomblik, wat word van die oomblik waarin jy nou is?

IN TODAY'S RUSH WE ALL THINK TOO MUCH, SEEK TOO MUCH, WANT TOO MUCH AND FORGET ABOUT THE JOY OF JUST BEING.-

ECKHART TOLLE






## ONE DIRECTION IN SA!

Alle goeie dinge eindig met vuurwerke en dis presies hoe One Direction hul drie vertonings in Suid Afrika op hul 'On The Road Again' toer geeindig het. Dié Britse-Ierse sanggroep het twee vertonings in Johannesburg op 28 en 29 Maart gehad waarvan altwee uitverkoop het, net twee dae nadat Zayn Malik die groep verlaat het. Hulle het ook een vertoning in Kaapstad op 1 April gehad wat ook uitverkoop was. Altesaam het ongeveer 262 000 mense One Direction in net Suid Afrika gesien. Gillende meisies het al vanaf 6:00 in die rye gaan staan vir die groep wat eers 20:00 daardie aand sou verskyn. Die hekke het 16:00 oopgegaan en 18:30 het Johnny Apple (2013 SA's got talent wenner) en FOUR (2014 X-Factor SA wenners) die aand geopen. One Direction wat bestaan uit: Harry Styles, Liam Payne, Louis Tomlinson en Niall Horan het die aand om 20:00 geopen met hul gewilde liedjie, Steal my girl. Net 'n week nadat hulle in SA was, het '#BRING1DBACKTOSA' op Twitter begin rol. One Direction is nou besig met hul vyfde album wat later die jaar uitgereik sal word.

Juan-Mari Franzsen







Harry Styles.

Johannesburg, you were amazing tonight. I fell in love with you fast. Thank you for coming. H

43,3K RETWEETS 58,3K FAVORITES



## ZASTRON SE NUWE BLOED : JUFFROU DORETTE

Al wat ons van haar weet is dat sy Jimmie se ma is en Engels as 'n vak gee. Ons wou haar bietjie beter leer ken en het dus aan haar'n paar vrae gevra.

**1.Waar het Juffrou skool gegaan en groot geword?**

In Zastron Gr 4-12.

**2. Hoe ervaar Juffrou Hoërskool Zastron se skool en leerders?**

Trots-al die vriende,kinders dra die skool se naam hoog, ek voel ek is deel daarvan.

**3.Dink Juffrou Zastron was 'n goeie keuse vir skoolhou?**

Absoluut! Dis n voorreg om in 'n top skool skool te hou.

**4. Wat was Juffrou se droom van kleins af?**

Die beste te wees wat ek kan wees.

**5. Wat is juffrou se gunsteling sjokolade?**

Forerro Rocher




Ons hoop Juffrou geniet Zastron en sy skool en dat Juffou ook in die trots kan deel.

Janet Malherbe

# UIT DIE DORP

Liewe leerders opi Z-bult
Sover in 2015........

137 agtereenvolgende jaar 100% slaagsyfer (of hoe lank presies...?)
3 Vrystaat atlete
2 Vrystaat tennisspelers (+'n Vrystaat /OP senior no 1 juffrou!)
1 laerskool Craven-week rugbyspeler
7 laerskool Vrystaat Platteland rugbyspelers
3 Vrystaat hokkiespelers
5 Vrystaat netbalspelers
20+ hoërskool Suid-Vrystaat rugbyspelers

Verseker is hierdie lys 'n heel, heel, eerste vir Hoërskool Zastron.
Dit is die suksesverhale wat die koerante haal.
Dis ook die goed wat ons klein skooltjie behoorlik op die Afrikaanse spreekwoordelike mêp sit!
En dis goed.
Dis eintlik flippen fantasties.
Jy hoef nie 'n grys (of rooi of watter kleur ook al) baadjie te dra om vir die top spanne uit te draf nie.
Ongelukkig (of eerder gelukkig!) is dit nie wat eintlik tel nie.

Maar....................

As 10 koshuisbrakke als los waarmee hulle besig is en opspring om te groet as daar 'n (vreemde) voertuig verbykom.
En dit weer doen as dieselfde kar 2 minute later weer verbyjaag.
Sjoe, dit tel nogal.

As 'n matriekseun op sy knieë staan voor 'n betraande, besnotte koshuis graad eentjie wat na sy ma en sy perd verlang en troos.
Maggies, dit begin tel.

En as 'n eerste rugbyspan langs die 0/7 wedstryd staan en die Zas-bulle luidkeels aanmoedig.
Aarde, dit tel mos!

Ook as 2 laerskool seuntjies vir 'n hartseer juffrou 'n (slegte!!!) koppie koffie maak om te probeer troos.
Hel man, dit tel.

As 'n dogter met 'n seer enkel op krukke aansukkel en haar kriekmaer klasmaatjie knak onder die gewig van 2 loodsware tasse.
Dit tel.

As mens verby die saal stap en dit dreun behoorlik met lofsang en prysgesang.
En as die saalbyeenkoms nog met skriflesing geopen word.
Dit tel waaragtag.

As die skoolsnoepie soos Ware Woorde lyk.
Dan tel dit.

As 2 (multi-kulturele) maats pouse EEN konfytbroodjie deel.
Dan tel dit kwaai.

Liewe Zassie, dra jou Vrystaatbaadjie met trots.
Maar onthou dat provinsiale kleure in bokdrolletjie-ver-spoeg vlietend is.

Die res wat jy by Hoërskool Zastron geleer, gevoer ,gefoeter, geskree, gedril word, maak vir jou skatte in die hemel bymekaar.

En dís wat die oog van elke ouer en gryser en wyser Zastronner vang.

Groetnis
Uit die dorp van Z

## ZASSIE FM

Radio Raps en sy Jonathan se mielie in 'n mandjie!

Want Local nuus is mos lekker!

Net toe die Eggo dink hy is die enigste stem en gewete van elke Zassie, toe verskyn Hoërskool Zastron se eie eie stem – ons eie radiostasie!
Hoe local is dit? En hoe lekker?

Alhoewel die stasie nog sonder naam is, het verskeie omroepers reeds deelgeneem aan 'n uitsaai-kompetisie.
Tiaan Bekker, Madri Goosen, Sharon van Dyk, Leoné Smit, Azile Ngxito en Zizi Sidsamba het kom wys wat hulle agter 'n mikrofoon kan doen!
Onpartydige beoordelaars het vir 'n week lank elke pouse kom luister om die droomstem aan te wys en die wenners sal vroeg in die derde kwartaal aangewys word.

Operasie Naamsoek is ook nog sterk aan die gang – so as jy 'n briljante naam vir die radiostasie het, kom sê dadelik, dalk wen jy ook nog 'n ietsie!


Die ZAUK (Zassie Afrikaanse Uitsaai Korporasie) wag in spanning vir jou insette!
Oor en uit!

Diaan Marais

## Ek haal my hoed af vir:


**Aan ons dierbare, liefste, ondersteunende moeders. Hierdie kwartaal haal ek my hoed vir julle af wat vrou, ma, werkster en vriendin alles in een is. Dankie vir al die ondersteuning, deursettingsvermoë en liefde. Julle is tops!**

KOM SAAM NA
SAAMKOM
Supermark
555 President Hoffmann St Smithfield
Tel 051 683 0430
ALLES IN EEN!
6



# Wille Klein Bokkies

Die skool se klein hokkie-bokkies is baie opgewonde oor hierdie sport waarvan hulle nou ook deel is. Hulle oefen elke middag pligsgetrou vir die groot sportdae waar hulle ook hulle jong talente kan wys.



Die jonge bokkies strek vanaf 0/8-0/13. Hulle het aan 'n verskeidenheid van toernooie deelgeneem en 'n aantal wedstryde gespeel. Al die spanne het gemengde welslae behaal. Baie geluk en sterkte vir al die wedstryde wat nog voorlê!

## 'N PAAR FEITE

Wilgers Kafee
Tel: 051 683 1199
Tasty
Take-Away Treats

- Mini-hokkie het in 1989 in Bloemfontein begin.
- Mini-hokkie bestaan uit omtrent 10 spelers per span en 7 spelers op die veld.
- 'n Mini-hokkieveld se lengte is 55m en sy breedte is 45m.
- Die sirkel radius is 14.63m.
- Een volle hokkieveld is twee mini-hokkie pitches se groottes.
- Die eerste keer wat die gebruik van die woord "Hockey" opgeskryf is, is in 1773.

Naomi Fourie






## HOKKIE IS:

- Georganiseerde chaos
- 'n Leefstyl
- Aksie
- Adrenalien

## Die verskuilde talent agter die sogenoemde stop en slaan!

Soos min van julle weet is die hoërskool se hokkie besig om op 'n drafstap groter en groter hoogtes te bereik. Die eerstespan het 3 van hulle 5 wedstryde gewen en 2 gelykop gespeel. Die tweede span het 2 van die 3 wedstryde gewen. Hierdie meisies is baie opgewonde om dit waarvoor hulle die hele kwartaal gewerk het met die uitspeelwedstryde verder te bewys. Ons sê ook baie geluk aan die volgende meisies wat in die o/14-Suid-Vrystaat-spanne opgeneem is: Mischa van den Berg en Nilé Smith wat A-span gehaal het, en Zana Cronjé wat in die B-span is.

## INTERESSANTE FEITE

- Die 1ste internasionale wedstryd het plaasgevind in 1895 (Ierland-3 Walles-0).
- Hokkie is een van die 3 gewildste sportsoorte in die wêreld, saam met krieket en sokker.
- Hokkie was in die verlede 'n kontaksport.
- Spelers hardloop meer as 8km gedurende 'n hokkie wedstryd.
- Die rekord vir die meeste doele geslaan deur n span is in 1989 Pakistan-58 teen Maccao-0.

Hoeveel weeg 'n hokkie bal?

Juf Amanda: 500g

Juf Christine: 350g

Regte: 156-163g



Omtrek van 'n hokkie bal?

Juf Amanda: 350mm

Juf Christine: 70mm

Regte: 224-235mm

Marike Bekker

# Die groot rooi laerskool R

Hy staan nie verniet kop en skouers bo AL die laerskool leerders uit nie.
Hy staan sy paar no.12 skoene prop vol.
Sy skouers is breed en regop.
Hy draf uit vir die Vrystaat 0/13A-Cravenweek rugbyspan.
Hy is Casper-Jan Steenkamp.


Die 0/13-manne in blou het hierdie seisoen omtrent amok gemaak. V Y F spelers is ook op geneem in die 0/13-Suid-Vrystaatspan wat einde Mei aan die mini Cravenweek in Bloemfontein deelgeneem het.Hulle is: Behan Venter, Casper-Jan Steenkamp, Janco van Staden, L.J. Franszen en Marcell Moelich.

Jy kan jou nou net indink hoe onstuitbaar hierdie 0/13 masjiene hierdie jaar is! Ons sien uit daarna om die liga uitspeelwedstryde aan te pak vroeg volgende kwartaal.

Maar dis nog niks... Dit is beslis 'n belewenis om die 0/7-rugby kannetjies, onder die afrigting van juffrou Christine, in aksie te sien. Daar is dikwels meer mammas en oupas op die veld as spelers!

Die 0/9-span het geskiedenis herhaal deur by die Fauna 0/9-dag met die B-afdeling se goue medaljes weg te stap. Hierdie outjies speel soos leeus en beloof om nog 'n bul span te word.


Rugby is voorwaar in ons Zassies-bloed!





Diaan Marais

Vegchtkopstraat 9
Zastron
Tel: 051 673 1140/
083 532 4678
MADERA
GRAPHIC DESIGNS
& SIGN WRITERS
*Die vriendelike, hulpvaardige span wat u belange op die hart dra*

Wall Art
Naamborde
Magnete
Bekers
Balkies
Skouersakke
en vele meer

Geheuestokkies
8GB R70
16 GB R130
32 GB R230


Produkte
ook beskikbaar by Oog Kafee

Pen & Potloodstel

R15
'n Ideale geskenk

# Hoërskool Rugby



**Woordeboek se definisie** RUGBY : Voetbalspel deur twee spanne van 15 spelers elk, met 'n eiervormige bal, wat gehanteer sowel as geskop kan word.

**Ons definisie** : RUGBY: 'n LEEFSTYL!!

1ste **Wen → 4;** Verloor → 1

2de **Wen → 1;** Verloor → 1


16's **Wen → Kyk uit vir hul volgende wedstryd**; Verloor 5

## 'n Bietjie geskiedenis…

| DATUM | GEBEURTENIS |
|---|---|
| 1830 | William Webb Ellis het die bal opgetel en begin hardloop tydens 'n sokkerwedstryd in die dorp Rugby in Engeland. |
| 1845 | 3 Seuns by die Rugby Skool het vir die 1ste keer 'n stel reëls vir die spel gepubliseer. |
| 1858 | 'Blackheath Rugby Club' is gestig en is 1 van die wêreld se oudste oorlewende rugbyklubs. |
| | Wie sou nou ooit kon dink, dat 'n eiervormige bal, wat spelers nie eers vorentoe mag gooi nie, die nasionale sport sou word? |

### "THE BOOT"

Tipiese "boot" van die 1900's!




### "THE BALL"

Lengte: 280-300 mm

Omtrek in lengte: 740-770 mm


Omtrek in breedte: 580-620 mm

Gewig: 410-460 g




'n Spesiale dank aan:

Oom Corné Van Niekerk, wat nie net sy tyd opoffer nie, maar sy **HELE** hart op die spel plaas!!





**Patricia Du Plessis**



# Laerskool Netbal



Baie, baie, baie geluk aan almal wat gekies is vir die Mohokare of die Xhariep spanne! Dit is 'n goeie prestasie om gekies te word. Vir die wat nou nie gekies is nie, dit is nie die einde van die wêreld nie. Moet asseblief nie moed opgee nie!! Hierdie jaar was seker nie jou jaar nie, maar volgende jaar probeer jy weer en wie weet? Dalk word jy gekies! Dan is dit AMAZING!! Hou aan hard werk girls en glo altyd in julself!! Julle is God se kinders....so hou aan om vir Hom te speel!!!




N E T B A L L

N: EVER
E: EVE
T: HINK
B: ADLY
A: BOUT
L: ADIES
L: IFE GOAL

### Onderhoud met 'n gesoute netbalafrigter: Juf. Rika

Vir hoe lank rig Juffrou al netbal af?

8 jaar!

Sal Juffrou graag die hoërskool wil afrig?

Nee! Nee!! Nee!!!

Hoekom nie Juffrou?

Ek los dit maar vir dié wat kan!

Wat is die belangrikste aspek van netbal volgens Juffrou?

Geniet die spel!!!

Nwabi Mdladlamba




**Hoe koel netbalspelers af?**

**Hulle sit langs hul 'fans'!**

### *FUN FACTS!!*

- *Wêreldwyd is daar meer as 20 miljoen mense wat netbal speel.*
- *Netbal is vir die eerste keer in 1895 in Engeland gespeel.*
- *In 1995 het netbal 'n erkende Olimpiese sport geword.*
- *Die eerste wêreldbeker-toernooi is in 1963 in Eastbourne, Engeland gehou.*



# Netbal girls doen dit in 3 sekondes!

Die Zassies hoërskool netbalspelers het behoorlik alle vorige en bestaande rekords laat spat deur omtrent 'n speler van elke ouderdom in die Vrystaatspan te hê!

Dan praat ek nie eers van spelers wat in die onderskeie ouderdomme se Gariep spanne plekke losgespeel het nie.

Christi Nel, Nwabi


Marais is gekies vir die 0/18-Gariepspan wat gedurende die Junie-vakansie aan die Henneman-toernooi sal deelneem.

Die Suid-Afrikaanse netbalkampioenskappe sal ook hierdie jaar vrot van die Zassies wees!

Die blougevaar-spanne 0/15 en 0/17, het albei as die top spanne in die hele Gariepstreek geëindig!

Verder is die liga-wedstryde nog in alle erns aan die gang–die uitspeelrondtes vind vroeg volgende kwartaal plaas.

Geen wonder hulle sê graag:"If it's not netball, it's not right!!"




**Baie geluk aan die volgende Vrystaat spelers:**

**Vrystaat 0/14 A** →Mischa van den Berg

**Vrystaat 0/15 A** →Naledi Potsane

**Vrystaat 0/16 A** → Bohlokwa Leballo

**Vrystaat 0/16 B** →Naomi Fourie

**Vrystaat 0/17 A** →Nam Mbele




**VANANCO WHOLESALERS C.C.**

TEL: (051) 673 1346 / (051) 673 1179 (fax)
E-MAIL: vananco.zst@telkomsa.net

SASKO

PRODUKTE / PRODUCTS

IMPILO M/MEAL

**Fresh fruit & veg**
**Tuesday and Thursday pm**

Contact / Kontak:
Ronnie
Ryan
Mark

ABSA

OTM in winkel / available in shop

★ FRESH BAKERY
★ TASTY TAKE AWAY
Butchery

Business Hours:

- Working days: 08:00 - 18:00
- Saturdays: 08:00 - 14:00
- Holidays: 08:00 - 12:00

MiNi Kloppers expert


Kom besoek ons net hier in jou eie klein plattelandse dorpie…ZASTRON

Skool klere

Skool sportklere

Tekkies

En vele meer!



Kontak:
Magda du Plessis
082 321 3236



KEEP CALM AND LOVE NETBALL

Wiané Marais

# ONS LAERSKOOL KAN!!

Tennis mag dalk nie een van ons skool se grootste sport soorte wees nie, maar dit lyk of die prentjie gou gaan verander. Tydens ons jaarlikse laerskool dubbelstennistoernooi in April het Hoërskool Zastron se ysters dit weer bewys. Die B-span seuns was moeg om te verloor en het sommer hulle afdeling gewen. Die dogters het ook goed gevaar, maar ongelukkig kon hulle net nie daardie laaste rondtes klaarmaak nie. Die A-span se seuns het ook baie goed gevaar, maar verloor net-net teen Willem Postma en Aliwal-Noord.

Henning Naudé





## "FUN FACTS"

Spoed: 3/10.

Adrenalien:6/10.

Topspoed: 263.4km/h deur Sam Groth.

Ontstaan in Europa in die laat 19de eeu.

Was deur Engelssprekendes in die wêreld ingestuur.

Vroue het vollengte rokke gedra wanneer hulle in die Wimbledon tennis kampioEnskappe kompeteer.

Die langste spel in tennis was tussen John Isner en Nicolas Mahut wat vir 11 ure geduur het.

Die bal is net 20 minute van die hele 2 en'n half uur in spel.

John Mcenroe het op 'n sekere tyd van sy professionele loopbaan glad nie eers van tennis gehou nie!

Kei Nishikori dra ongeveer veertien rakette saam vir een wedstryd.

Janet Malherbe

# HOëRSKOOL TENNIS!!!

*Ons sterre...*

| Dogters | Seuns |
|---|---|
| 1. Zana Cronje | 1.Izak Wolfaardt |
| 2. Nilé Smith | 2. Lodewyk Janse van Rensburg |
| 3. Minette Cronjé | 3. Johan Wink |
| 4.Wiané Marais | 4.Wessel Goosen |
| 5. Mischa van der Berg | 5.Schalk-Willem Visser |
| 6.Sharon van Dyk | 6. Pieter Strauss |

Baie geluk aan al die leerders wat vir die onderskeie spanne gekies is. Julle hou Zastron se naam




ZASTRON
Drukkery / Printers
(Prop. Dermott & Sandra Cusens)
Wedding Invitations, Books, Calendars, CV's, Pamphlets, etc.
For all your printing requirements at best prices.
484
/Fax. (051)-6731096
26 Majozi Street
Zastron 9950




ZASTRON
Apteek/Pharmacy
41 Reichenberg St
Zastron
051 673 1355

# A vir Asemrowende Atletiek!

In die Eggo se vorige uitgawe het ons berig oor die reuse sukses van die Zassie-kleure-atletiek.
Intussen het daar egter BAIE water, diskusse, spiese en latte in die see geloop.
Klein Hanré du Plessis het die Vrystaat verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse laerskole atletiekbyeenkoms in die hoogspring vir seuns 0/10. Dit was 'n ongelooflike ervaring en waardevolle ondervinding en ons sien uit daarna om hom vorentoe dop te hou. (Volgens oorlewering was sy oud-Zassie pa en nou beheerraadslid, Abrie du Plessis, self 'n kranige hoogspringer–aardjie wraggies na sy vaartjie!)
Maar daar het dit ook nie geëindig nie.
Die mite dat hoërskoolleerders belangstelling in atletiek verloor, is op blou bodem, wel 'n mite!
Wiané Marais en Mischa van den Berg het ook albei Vrystaat kleure in atletiek verwerf en aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe vir hoërskole in Rustenburg deelgeneem.
Wiané het deelgeneem aan die diskus vir dogters 0/15 en Mischa aan die spiesgooi item.
Soos ons mos nou al teen die tyd vir Mischa ken, was deelname aan hierdie prestige byeenkoms nie genoeg vir haar nie en moes sy dit 'n stappie verder neem tot op die rostrum! Alhoewel sy nou eers 0/14 is, het sy die brons medalje vir die spiesgooi dogters 0/15 ingepalm.
Die goud kom seker in 2016!


**A** vir z**A**ssie **A**tlete!


Wiané Marais







**Veels Geluk**

# Tannie Santie Kühn-wat was, wat is, en wat nog kom

## Sprokies

Vat my hand, lei my terug
na waar ons op die naat van ons rug
verdwaal in 'n wolkebank
wegkruip in Jan se boontjierank
soekend na Barbie se sneeukasteel
Met Cinderella die geheim deel


Deur see en woestyn op reis
soekend na die tandemuis
na kabouters en dalk 'n fee
terwyl ons na Spirit 'n traan wegvee
Kom kuier jy saam by Koning Rosekrans?
Gaan ons na die prins se dans?

Kom vang vanaand 'n maanstraal
Dan luister ons die hele verhaal
die sterre sal vertel
Daar kan ons die feeprinses bel
Haar stem, silwer goud
Haar woning spierwit koud

Kom kuier môre-aand weer
Ek wil jou 'n ander sprokie leer…

Nadia Malherbe

Wat sal meeste mense dink of sê as hulle die naam "Tannie Santie" hoor? Sy is 'n ou legende in die dorp. Sy was 'n kwaai juffrou, maar meeste mense weet nie van die goeie hart wat agter die plooie en die skynbare kwaai gesig is nie. Tannie Santie het drie kinders–twee dogters en 'n seun. Natuurlik weet ons almal een van hulle is juffrou Jomari wat tans by ons skool werk. Die ander dogter se naam is Minda en sy werk as 'n sekretaresse by Naledi skool op Rouxville. Haar enigste seun, Thabu is in konstruksiewerk vir Ruwacon. Haar seun het drie kinders–ook twee dogters en 'n seun wat nou in graad tien op Grey is. Sy twee dogters het ook in ouma Santie se voetspore gevolg en is ook albei in die onderwys. Hier is ook al vier van tannie Santie se kleinkinders deur ons skool of altans is twee nog besig. Schalk-Willem is haar dogter juf Jomari se kind en is in graad tien. Haar ander dogter Minda se twee dogters Zandri en Elri is al uit die skool en haar seun JP is nog in graad vier. Tannie Santie het op Saterdag, 30 Mei tagtig jaar oud geword en is die trotse ouma van sewe kleinkinders – vier kleindogters en drie kleinseuns. Hier volg 'n kort tydlyn van haar lang lewe!




- **Gebore 30 Mei 1935 in Aliwal Noord**
- **1942—1953 Sub A—Matriek in H/S Zastron**
- **1954— 1955 Studeer in Bloemfontein**
- **1956—1ste pos @ Jagersfontein—Gee graad 4**
- **28 Maart 1959 Trou met Cornie Kühn**
- **Hou skool—vir amper ewig!! (LEEF en LIEF die lewe)**

### Het jy geweet?

- Tannie Santie word kwaad as haar koerant nie afgelewer word nie, en as die kinders nie hulle huiswerk doen nie.
- Haar gunsteling kleur is blou.
- Haar gunsteling kos is braaivleis.
- Sy hou van kos kook, bak en blomme rangskik.
- Sy is baie kunstig en kan baie kreatiewe dinge doen soos naaldwerk, brei, peuterwerk, borduurwerk, en is ook musikaal – sy speel klavier en trekklavier. Die redaksie en leerders van Hoërskool Zastron wens tannie Santie nog baie jare toe, want nie almal word tagtig jaar oud nie. Baie dankie ook vir al die kinders wat Tannie nog steeds elke dag met hulle huiswerk help. Skoolhou is in haar bloed! Baie geluk tannie Santie, mag Tannie 'n geseënde nuwe lewensjaar hê.

Henning Naudé


We need at least one friend who understands what we do not say...
Friends
Jaun-Mari Franszen
PicCOLLAGE


2015
ZASTRON
Graad
Hoërskool Zastron


Elke dag
Dag as hulle fotos by die skool neem


2015
Graad 6
oërskool Zastron
Gr 6


2015
ZASTRON
Hoërskool Zastron
Gr 8


2015
ZASTRON
Hoërskool Zastron
Gr 12


You Only
Fail
When You Stop
TRYING!

**Berné Botha**

# DIE PERFEKTE DATE!

***Die Eggo het gaan ondersoek instel: ons wou uitvind wat ons skool se seuns as die perfekte date sien. Hier is van die wenners!!***

*Ek en die meisie, so half 6 op 'n roeiboot op 'n rivier tussen 'n pragtige groen woud, terwyl ek agter op die boot staan en haar om haar lyf vashou. Ons sal die sonsondergang oor die rivier se glans en die berge kyk, ek sal saggies in haar oor fluister, dat sy alles is wat ek nog ooit wou gehad het en meer. Dan sal ons ry tot by 'n punt van die rivier en soos ons uitklim, vang haar oog die hangertjie wat sy al vir baie lank soek op 'n takkie van die boom hang, wat jy voor die tyd daar gehang het. Sy hardloop na dit toe, haal dit af en ek sit dit vir haar om haar nek...*
*#ToBeContinued*

*Wat is beter as om 'n meisie te verras? Natuurlik om haar te maak glimlag, maar as jy haar mos verras gaan sy natuurlik glimlag! Back to the topic. Ek sal my perfekte date so beskryf...*

*Ek sal vroeg die oggend by haar huis inbars, haar wakker maak en vir haar sê dat sy 10 min het om klaar te maak. Niks fancy nie!*

*Dan sal ek haar vat om avontuurlustige dinge te doen soos bundgy jump en brug prng. 'n Hele dag vol uitputtende avonture en daarna afkoel in 'n dam of rivier. Ek sal haar huis toe vat en verlaat met 'n stywe druk en 'n 'sien netnou' en dan wegloop. As sy haar kamer binnegaan sal 'n boks op haar bed haar verras met 'n pragtige mooi rok en sandale met fyn diamandjies. Na 'n uur of so sal ek by haar venster verskyn met 'n boombox op my skouer en 'n bos rose in my hand. Ek sal haar buitentoe nooi en haar lei in 'n paadjie wat met roosblare omring is, daar sal ons op 'n perdewa klim en stadig ry tot by 'n oop stuk veld. Daar sal kerse in 'n hartjie gepak wees met 'n wit houttafel en 2 stoele. Wyn in 'n ysbak en ete op 'n silwer 'underplate.' Die nagereg sal sjokolade bedekte aarbeie wees. Dan sal ons rustig wees en sterre kyk. Daarna sal ons weer huiswaarts keer op 'n perdewa en ek sal my baadjie oor haar skouers gooi. By die huis sal ek saam met haar loop tot by die deur, haar 'n druk gee en haar weereens verlaat. Hierdie keer met die woorde "Jy is onbeskryflik."*




# MamaZazzz

## MODES

Terwyl winter al heerlik aan jou knibbel, kan jy steeds stylvol lyk en opgestop voel. Soos julle seker al gesien het is kant 'n vreeslike mooi ding om te dra en dit laat mens sag en vroulik lyk. Rooi is 'n heerlike warm kleur vir die winter.

Manne julle kan net so mooi aantrek. Mussies en serpe is nie net vir meisies nie (Ek praat nie van die mussies wat jou rugbyspan borg nie). Truie en jasse is ook een van die "go to" opsies hierdie winter. 'n Stylvolle ou is 'n mooi ou. [Manne julle kan nogal 'n paar tips by die graad 8's kry. Hulle het KLAS. ]

## Grappies


**Vra daai snoek iets...**

The guy selling snoek on the corner shouts: Hiers djou snoek!
The guy in the car asks: Wat vra julle vir daai snoek?
The guy replies: Ons vra hulle niks, wil djy hulle iets vra?

## INTERESSANTE FEITE

**"80** miljoen... dis hoeveel bakterieë tydens 'n tien sekonde lange soen uitgeruil word," sê Nederlandse navorsers. GROSS, so daardie van julle wat so lekker op die trappe soen dink eers mooi.

**Pupil grootte.** Die pupil is die opening wat kontroleer hoeveel lig die oog binnegaan. Dis kleiner in helder lig om sensuselle in jou oog te beskerm en groter in dowwe lig om meer lig in te laat. **Dit word ook groter as jy iets of iemand sien waarvan jy hou!** So let op na mense se oë, jy sien dalk net wie van jou hou.




## MY RAAD

Ons word **OORLAAI** met husiwerk hierdie kwartaal. Tussen deur is daar sport, revue, drama, taalkibboets en so kan ons aangaan. Die van julle wat tot net na twaalf met jul huiswerk sit, julle sal wel die vrugte daarvan pluk. Alhoewel dit party dae moeilik is, voel jy soms jy kan nie meer so aangaan nie, want na skool is dit sport en en en... Jy kom net na 8 by die koshuis en moet dan begin met huiswerk. . Byt vas julle, dit voel nie, nou so nie maar die wat hard werk sal WEL bo uitkom!!

# A vir Asemrowende Atletiek!

In die Eggo se vorige uitgawe het ons berig oor die reuse sukses van die Zassie-kleure-atletiek.

Intussen het daar egter BAIE water, diskusse, spiese en latte in die see geloop.

Klein Hanré du Plessis het die Vrystaat verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse laerskole atletiekbyeenkoms in die hoogspring vir seuns 0/10. Dit was 'n ongelooflike ervaring en waardevolle ondervinding en ons sien uit daarna om hom vorentoe dop te hou. (Volgens oorlewering was sy oud-Zassie pa en nou beheerraadslid, Abrie du Plessis, self 'n kranige hoogspringer–aardjie wraggies na sy vaartjie!)

Maar daar het dit ook nie geëindig nie.

Die mite dat hoërskoolleerders belangstelling in atletiek verloor, is op blou bodem, wel 'n mite!

Wiané Marais en Mischa van den Berg het ook albei Vrystaat kleure in atletiek verwerf en aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe vir hoërskole in Rustenburg deelgeneem.


Wiané het deelgeneem aan die diskus vir dogters 0/15 en Mischa aan die spiesgooi item.

Soos ons mos nou al teen die tyd vir Mischa ken, was deelname aan hierdie prestige byeenkoms nie genoeg vir haar nie en moes sy dit 'n stappie verder neem tot op die rostrum! Alhoewel sy nou eers 0/14 is, het sy die brons medalje vir die spiesgooi dogters 0/15 ingepalm.

Die goud kom seker in 2016!


**A** vir zAssie **Atlete!**

Wiané Marais










## Dis amper kwart voor sewe... of sit ek nou die pot mis?

Die voorgeskrewe boeke in matriek verskaf vir elke jaar se matrieks baie pret en plesier. Nie net in die klaskamer nie, maar ook in Bloemfontein. Die jaarlikse optog Bloemfontein toe om die voorgeskrewe kennis te gaan verbreed, het baie goed afgeloop en die matrieks klim vol kennis en nuwe humor van die bus af. Twintig April was die eerste opvoering te Fichardtpark met gedigte en "Kwart voor sewe lelie" op die planke gewees. Twee dae later was nuwe akteurs met 'n nuwe teks op die verhoog besig om die dramateks Mis, vir die matrieks voor te dra. Ons hoop dat die matrieks van volgende jaar hulle uitstappies ook so baie sal geniet soos wat vanjaar en al die vorige jare se matrieks die uitstappies geniet het. Ons matrieks het geleer dat die skedel kan lag al huil die gesig en dat skoolgaan 'n tipe epistemologie van vakke is. Ons het besef dat enige iets sal luister as jy jou hart wil uitpraat al is dit jou huis en dat jy net 'n busrit in die aand nodig het om tot daar te kom. Matrieks, al voel dit soms asof jy na die rus smag van die graf by Dimbaza en dat ekstra klas nie 'n safari-ete is nie, weet ons dat alles in net een sprong verby gaan wees. Tydens vroegherfs in die jaar bevind die matrieks hulle in 'n sonsverduisterende tydperk, maar dit kort net 'n bietjie nuus uit die kantoor om hulle weer te laat besef hulle is in staat om in meer as een kwatryn te kan leer en verstaan.

Janet Malherbe.

## WIE IS DIE VOLGENDE

Castar Semenya⇨Kente
President⇨Vicky Henning
Albert Einstein⇨Peter Mckay
Britney Spears⇨Charné Prinsloo
Trevor Noah⇨Shile
Mnr. Dawie⇨Ian Potgieter
Susan Fereira⇨Keanu Grobler
Tannie Kleintjie⇨Janet Malherbe
Willie le Roux⇨Marco Swanepoel
Leon Schuster⇨Kobus van Zyl, Willem Grobler, Danie van Zyl
Julia Roberts⇨Amore Lombard
Brad Pitt⇨Hendrico Bekker
Rolene Struass⇨Patrys Gindra
Pieter Poggenpoel⇨Thinus van Niekerk
Jamie Oliver⇨Willa Greyling



## WAT SÊ DIE ONDERWYSERS AS HULLE DIE WOORD **MATRIEKS** HOOR!

Juf. Ju-Mari Hugo→Oorreageer!!
Mnr. Niel Wessels→Ag nee!
Juf. Carien Lombard→O my hemel!
Juf. Rika van Rensburg→Oulik, hulle doen so goed.
Juf. Lene Hoffman→My oulike klas.
Juf. Amanda Bekker→Shame!!
Mnr. Marnus Lombard→Onbehulpsaam.
Juf. Rene Roos→Kwaad

## ATKV TAALKIBBOETS

*ATKV TAALKIBBOETS bring vir jou die lekkerste dinge!!*
Elke kwartaal doen hierdie tak nuwe dinge, interessante dinge om die taal Afrikaans op te hef.
Hierdie kwartaal was daar 'n spelkompetisie tussen die onnies en hoërskoolleerders. Ons wou graag sien wie ken Afrikaans beter en of die ouer mense hulle taal vergeet het. Hierdie tak gee ook terug vir hulle gemeenskap, elke jaar word gekyk watter klas die meeste sop en komberse kan insamel vir die minderbevoorregts.

Om deel van die Taalkibboets-tak te wees is 'n eer , vir die kinders wat nog nie van dit weet nie of nie veel van dit dink nie... dis iets besonders.
Ons positiewe denke gaan nog die ou negatiewe wêreld op sy kop laat draai.

ZIZIPHO HOPE SIDZAMBA



# Vrou van staal




Saggeaard, liefdevol en 'n hart van goud. Net 'n paar van die woorde om ons eie Tannie Kleintjie te beskryf. Min mense weet dat haar naam eintlik Johanna Elizabet is. Dis 'n skande dat ons so min van ons eie Rekeningkunde koningin weet.

Sy is 'n regte plaasjapie van Edenburg. Sy het saam met die Griekwa kindertjies groot geword. Hulle het saam geswem, gespeel en skool gehou (en ja natuurlik was sy die onderwyser.) Volgens haar oupa wat by die lande was, het jy net 'n klomp swart boudjies en een paar wit boudjies gesien swem.

**Hoogtepunte van haar lewe:**

- Sy het in graad 1 vir Koningin Elizabeth van Engeland gesien tydens haar toer in Suid-Afrika
- In 1945 het sy die troepe sien terug kom van die oorlog af.

Ons hoofdogter, Amore, se woorde oor Tannie Kleintjie:

"Sy is my hero, sy is een van die mense met die meeste liefde in haar hart wat ek nog ontmoet het. Sy is 'n baie goeie onderwyser. Sy is 'n voorbeeld van hoe 'n Christen moet wees."

Sy was op skool op Sentraal en weet hoe dit is om 'n koshuisbrak te wees. Tydens haar skoolloopbaan het sy nie 'n kêrel gehad nie, maar teen matriek het sy. Met haar matriekafskeid was dans verbode, daar was mooi rokke, lekker kos en 'n mooi saal en verder niks...

Skool hou is haar lewe. Sy het van kleins af die katte,honde en kinders op die plaas geleer. Sy het in 1961 begin skool hou maar 'n onderbreking van 9 jaar gehad. Sy sê dat skool hou vir haar soos 'n hoofslagaar na die hart is, sy kan nie daarsonder nie. Dit is werklik 'n hartsberoep. Sy is 'n uiterse nederige persoon en wil geen krediet vat vir allles wat sy al bereik het nie. Sy sê sy en die kind is 'n span en sonder die kinders sou sy nie so 'n goeie onderwyser wees nie.

**'n Paar interessante feite oor haar**

- Sy is op 19 April 1940 gebore. (Tydens die Tweede Wêreldoorlog.)
- Sy het atletiek, netbal en Voortrekkers gedoen. Sy het ook aan Kunswedstryde deelgeneem.
- Sy het eenkeer 'n kind met 'n Wiskundeboek uit sy bank geklap, maar dit was die enigste keer wat sy bietjie uitgehak het.

Sy voel jammer vir vandag se kinders omdat hulle in 'n meer gekompliseerde wêreld as sy grootword. Hulle het ook meer uitdagings en sy het baie respek vir hulle.

Raad aan mede-onderwysers:

Werk hard, doen jou plig en motiveer jou leerders dan sal jy die sukses van onderwys behaal.

Waar sy haar bynaam Kleintjie gekry het.

Ek het baie vinnig begin loop glo al op 10-11 maande. As ek geloop het kon ek nie oor die eetkamertafel se stoel sien nie. Ek was ook 'n klein babatjie gewees, so die naam kom al van kleins af.





Naomi Fourie

**Haar raad aan kinders:**

Dit maak nie saak wat jou talente is nie, as jy hard werk, sal jy bo uit kom. Moet nooit ooit opgee nie. Werk hard, wees eerlik met jouself, streef jou doelwitte na. Die Skepper sal wag hou oor jou. Gebruik jou talente om jou **beste** te bereik.






**RAAI DIE ONDERWYSER**

Hier is die onderwysers wat pas by die babas wat hulle eens was!

A- Juf Anell
B- Juf Christine
C- Mnr Dawie
D- Juf Jomari
E- Juf Ju-Mari
F- Juf Karien van der Merwe
G- Juf Lindie
H- Tannie Leonie

**TRIXEN PRODUK**

*Het jy al gesukkel om verf van hout te verwyder??*

*Gebruik blou vlam en natuurlik TRIXEN vir die finale afronding*

*Beskikbaar by:*

*Anne-Marie 083 990 3750*



# Uit die mond van 'n suigeling

## *Wat is 'n monument?*

**Graad 1**

*Jolyn- 'n meet ding, as jy iets wil meet.*

*Corlé- dit is as jy iets sê*

*Wicus - 'n Leeu*

**Graad 2**

*Reon - dis 'n standbeeld*

*PJ- 'n musiek ding*


*Tiaan- as jy iets van die winkel af kry*

**Graad 3**

Maak 'n sin met **monument**

*Martin- Die monument speel.*

*Gerdus- Daar is 'n monument in die museum.*





## Koshuiskaskanades

Verbind die koshuis met sy soms wettige, maar soms minder wettige kaskanades

Die voordeur is nie die enigste uitgang nie, die studiesaal het ook 'n deur.

As jy die gange aanpak, gaan jou nekhare begin rys en jou broek begin bewe.

Breek die reëls en jy kry strafstudie. Kyk vir die reëls en jy kry strafstudie. Buig die reëls en jy kry strafstudie. Dink daaraan om die reëls te oortree en jy kry straf-tudie. Volg die reëls en jy kry strafstudie.

AANDAG...Elke Donderdagaand masjeer ons soos soldate en hardloop weg vir appèl.







Rowan

Morelig

Venter Huis

Willie Viljoen

## *Spyskaart van die week!!*

*Maandag – Pasta*

*Dinsdag – Pasta*

*Woensdag- Pasta*

*Donderdag – Pasta*

*Vrydag – Dankie tog nie pas-ta nie!!!!*




Ek hou van lente en herfs!! Dan is die temperature net reg. Vir hierdie Kalahari kind is die Vrystaat winters net te erg en saam met die ouderdom het die hitte van selfs die Vrystaat my begin vang.

Herfs -oorgang na rustydperk in natuur.

*Haar eerste soen was op 15!! "Ek was maar 'n skaam enetjie op skool."*

My droom is om saam met my man op 'n regte Afrika safari te gaan-as alles uitwerk doen ons dit die einde van die jaar.



Sy is 'n trotse 'Uppie'!! Was in Hoërskool Upington in die Noord-Kaap op skool.

*Het 'n B.Com Rek. graad*

## *Kollig op...* Rolaine Grobbelaar

Op skool het ek netbal gespeel. Ek was ook 'n trompoppie waarin ek provinsiale klere ontvang het.

Ek is mal oor Bobby van Jaarsveld. Sy dimpels-smile maak my knieë lam. (Celebrity crush)

Ek is baie lief vir lees maar tyd is deesdae te min. Ek kan myself verloor in 'n "chick flick"

Madri Goosen



Mnr. Gernus, hoekom nie maalvleis nie?

Tannie Mandy, wat's fout met Rowan se eetsaal?



Juffrou Ju-Mari, waar's juffrou in die oggende?

**Model Slaghuis**



Reichenbergstraat 32

ZASTRON

051-6731188

Goeie gehalte biltong, droëwors, chilli bites en kabarnossie!!

Varkneksteaks, blindevinkies, verskeidenheid van worsies soos kaaswors en vele meer!!


# Smile...Dis fotodag

Wat almal dink fotodag is...Wys jou opwinding en sit jou grootste glimlag op, dis mos 'n lekker af dag vir die kinders en almal neem net rustig foto's. Wat fotodag rerig is... 'n Glimlag wat die gedraai van deurmekaar koppe wegsteek.

Alhoewel baie van die onderwysers 'n bietjie irritasie beleef gedurende hierdie dag, is dit tog 'n belangrike dag vir ons as kinders. Dis 'n dag waarna 'n kind kan terugkyk en sy hele skoollewe sien in 12 foto's. Dis 'n spesiale dag.

Verdra die bietjie irritasie en frustrasie en byt vas, want op die ou end is dit die pad terug na jou klein dogtertjie of seuntjie dae.

Marike Bekker



## PRAAT

Dis net soos enige sport, dit kos harde werk, jy moet lief wees vir taal en iets in jou moet graag wil! Redenaars kan dalk net 6 minute per toespraak wees, miskien vervelig , maar vir ons is dit pret. Dis 'n kompetisie waar daar van die bestes gekies word om vir SA 'n ding of twee in Afrikaans te vertel. Inligting oor wat in die land aangaan, en dinge wat die mense bekommerd oor is, is belangrik.
Om voor mense te staan wat vir jou luister en jou standpunt te maak, is meer bevredigend as angs bevange.
Dit is ook elke middag harde werk en geduld.
*ONS WIL GRAAG VIR JUFFROU ANEL SWART DANKIE SÊ, VIR AL HAAR OPOFFERING OM VAN HIERDIE REDENAARS 'N SUKSES TE MAAK.*
Taal is kosbaar!!

ZIZIPHO HOPE SIDZAMBA

## Laerskool revue kaperjolle

As jy dink Pieter Koen se biscuit-skud is net vir verveelde hoërskoolmeisies, maak jy 'n groot fout!
Juffrou Karien van der Merwe en haar laerskool revue span, verstaan hierdie werk van boudeswaai goed!


Hierdie groep oefen reeds kliphard vir die jaarlikse revuefees in die Sand du Plessis teater vroeg volgende kwartaal. Behalwe vir die lekker goeie oefening is hierdie dansery boonop hope pret ook!

Hou gerus die lamppaal plakkate dop– hierdie dans groep gaan nog die voorblad haal!
En tot dan–skud,skud jou biscuit!

Diaan Marais

## S * P * E * L * L * I * N * G * * B * E * E

Vir party is dit 'n nagmerrie en vir ander tweede natuur...dit is enige Afrikaanse onderwyser se droom en elke graad 1 juffrou se einddoel...om te kan S * P * E * L. Die 28ste Mei het 6 graad 3 en 5 graad 6 leerders aan 'n streekspelling bee kompetisie gaan deelneem. Tarien Wagenaar het haar tot in die top 3 gespel en AJ van Tonder het die brons verower nadat K * N * O * F * F * E * L * H * U * I * S * I * E hom gekniehalter het. 5 van die leerders gaan in Julie in Bloemfontein verder hul S * T * A * A * L wys en ons hou al ons D * U * I * M * E vir hul vas.

**Kotteljonsie**
Mathee st. 23, Zastron, 9950
*vir al jou geskenke, plante, skryfbehoeftes en vars blomme*
**Leona Fouché**
telnr. 051 673 1369
faksnr. 051 673 1369
selnr. 082 694 9660
kotteljonsie@absamail.co.za

## Dis amper kwart voor sewe... of sit ek nou die pot mis?

Die voorgeskrewe boeke in matriek verskaf vir elke jaar se matrieks baie pret en plesier. Nie net in die klaskamer nie, maar ook in Bloemfontein. Die jaarlikse optog Bloemfontein toe om die voorgeskrewe kennis te gaan verbreed, het baie goed afgeloop en die matrieks klim vol kennis en nuwe humor van die bus af. Twintig April was die eerste opvoering te Fichardtpark met gedigte en "Kwart voor sewe lelie" op die planke gewees. Twee dae later was nuwe akteurs met 'n nuwe teks op die verhoog besig om die dramateks Mis, vir die matrieks voor te dra. Ons hoop dat die matrieks van volgende jaar hulle uitstappies ook so baie sal geniet soos wat vanjaar en al die vorige jare se matrieks die uitstappies geniet het. Ons matrieks het geleer dat die skedel kan lag al huil die gesig en dat skoolgaan 'n tipe epistemologie van vakke is. Ons het besef dat enige iets sal luister as jy jou hart wil uitpraat al is dit jou huis en dat jy net 'n busrit in die aand nodig het om tot daar te kom. Matrieks, al voel dit soms asof jy na die rus smag van die graf by Dimbaza en dat ekstra klas nie 'n safari-ete is nie, weet ons dat alles in net een sprong verby gaan wees. Tydens vroegherfs in die jaar bevind die matrieks hulle in 'n sonsverduisterende tydperk, maar dit kort net 'n bietjie nuus uit die kantoor om hulle weer te laat besef hulle is in staat om in meer as een kwatryn te kan leer en verstaan.

Janet Malherbe.

## WIE IS DIE VOLGENDE

Castar Semenya⇨Kente
President⇨Vicky Henning
Albert Einstein⇨Peter Mckay
Britney Spears⇨Charné Prinsloo
Trevor Noah⇨Shile
Mnr. Dawie⇨Ian Potgieter
Susan Fereira⇨Keanu Grobler
Tannie Kleintjie⇨Janet Malherbe
Willie le Roux⇨Marco Swanepoel
Leon Schuster⇨Kobus van Zyl, Willem Grobler, Danie van Zyl
Julia Roberts⇨Amore Lombard
Brad Pitt⇨Hendrico Bekker
Rolene Struass⇨Patrys Gindra
Pieter Poggenpoel⇨Thinus van Niekerk
Jamie Oliver⇨Willa Greyling



## WAT SÊ DIE ONDERWYSERS AS HULLE DIE WOORD MATRIEKS HOOR!

Juf. Ju-Mari Hugo→Oorreageer!!
Mnr. Niel Wessels→Ag nee!
Juf. Carien Lombard→O my hemel!
Juf. Rika van Rensburg→Oulik, hulle doen so goed.
Juf. Lene Hoffman→My oulike klas.
Juf. Amanda Bekker→Shame!!
Mnr. Marnus Lombard→Onbehulpsaam.
Juf. Rene Roos→Kwaad

## ATKV TAALKIBBOETS

*ATKV TAALKIBBOETS bring vir jou die lekkerste dinge!!*
Elke kwartaal doen hierdie tak nuwe dinge, interessante dinge om die taal Afrikaans op te hef.
Hierdie kwartaal was daar 'n spelkompetisie tussen die onnies en hoërskoolleerders. Ons wou graag sien wie ken Afrikaans beter en of die ouer mense hulle taal vergeet het. Hierdie tak gee ook terug vir hulle gemeenskap, elke jaar word gekyk watter klas die meeste sop en komberse kan insamel vir die minderbevoorregts.

Om deel van die Taalkibboets-tak te wees is 'n eer , vir die kinders wat nog nie van dit weet nie of nie veel van dit dink nie... dis iets besonders.
Ons positiewe denke gaan nog die ou negatiewe wêreld op sy kop laat draai.

ZIZIPHO HOPE SIDZAMBA



# Vrou van staal




Saggeaard, liefdevol en 'n hart van goud. Net 'n paar van die woorde om ons eie Tannie Kleintjie te beskryf. Min mense weet dat haar naam eintlik Johanna Elizabet is. Dis 'n skande dat ons so min van ons eie Rekeningkunde koningin weet.

Sy is 'n regte plaasjapie van Edenburg. Sy het saam met die Griekwa kindertjies groot geword. Hulle het saam geswem, gespeel en skool gehou (en ja natuurlik was sy die onderwyser.) Volgens haar oupa wat by die lande was, het jy net 'n klomp swart boudjies en een paar wit boudjies gesien swem.

**Hoogtepunte van haar lewe:**

- Sy het in graad 1 vir Koningin Elizabeth van Engeland gesien tydens haar toer in Suid-Afrika
- In 1945 het sy die troepe sien terug kom van die oorlog af.

Ons hoofdogter, Amore, se woorde oor Tannie Kleintjie:

"Sy is my hero, sy is een van die mense met die meeste liefde in haar hart wat ek nog ontmoet het. Sy is 'n baie goeie onderwyser. Sy is 'n voorbeeld van hoe 'n Christen moet wees."

Sy was op skool op Sentraal en weet hoe dit is om 'n koshuisbrak te wees. Tydens haar skoolloopbaan het sy nie 'n kêrel gehad nie, maar teen matriek het sy. Met haar matriekafskeid was dans verbode, daar was mooi rokke, lekker kos en 'n mooi saal en verder niks...

Skool hou is haar lewe. Sy het van kleins af die katte,honde en kinders op die plaas geleer. Sy het in 1961 begin skool hou maar 'n onderbreking van 9 jaar gehad. Sy sê dat skool hou vir haar soos 'n hoofslagaar na die hart is, sy kan nie daarsonder nie. Dit is werklik 'n hartsberoep. Sy is 'n uiterse nederige persoon en wil geen krediet vat vir allles wat sy al bereik het nie. Sy sê sy en die kind is 'n span en sonder die kinders sou sy nie so 'n goeie onderwyser wees nie.

**'n Paar interessante feite oor haar**

- Sy is op 19 April 1940 gebore. (Tydens die Tweede Wêreldoorlog.)
- Sy het atletiek, netbal en Voortrekkers gedoen. Sy het ook aan Kunswedstryde deelgeneem.
- Sy het eenkeer 'n kind met 'n Wiskundeboek uit sy bank geklap, maar dit was die enigste keer wat sy bietjie uitgehak het.

Sy voel jammer vir vandag se kinders omdat hulle in 'n meer gekompliseerde wêreld as sy grootword. Hulle het ook meer uitdagings en sy het baie respek vir hulle.

Raad aan mede-onderwysers:

Werk hard, doen jou plig en motiveer jou leerders dan sal jy die sukses van onderwys behaal.

Waar sy haar bynaam Kleintjie gekry het.

Ek het baie vinnig begin loop glo al op 10-11 maande. As ek geloop het kon ek nie oor die eetkamertafel se stoel sien nie. Ek was ook 'n klein babatjie gewees, so die naam kom al van kleins af.





Naomi Fourie

**Haar raad aan kinders:**

Dit maak nie saak wat jou talente is nie, as jy hard werk, sal jy bo uit kom. Moet nooit ooit opgee nie. Werk hard, wees eerlik met jouself, streef jou doelwitte na. Die Skepper sal wag hou oor jou. Gebruik jou talente om jou **beste** te bereik.






**RAAI DIE ONDERWYSER**

Hier is die onderwysers wat pas by die babas wat hulle eens was!

A- Juf Anell
B- Juf Christine
C- Mnr Dawie
D- Juf Jomari
E- Juf Ju-Mari
F- Juf Karien van der Merwe
G- Juf Lindie
H- Tannie Leonie

*TRIXEN PRODUK*

*Het jy al gesukkel om verf van hout te verwyder??*

*Gebruik blou vlam en natuurlik TRIXEN vir die finale afronding*

*Beskikbaar by:*

*Anne-Marie 083 990 3750*

*UIT DIE PERSONEELKAMER...*

## 'N TWEEDE KWARTAAL-KOOKPOT

Onthou jy die kindersprokies waarin die wrede heks so 'n groot ronde swartpot het wat sy aan houdend roer? Ja, die stoom en 'kwaad' kook aanmekaar op en op... Nou ja, jy kan die personeelkamer in die tweede kwartaal maklik met so 'n pot vergelyk, want om balans te vind tussen AL die sport, kultuur en natuurlik die akademie laat daardie pot baie keer oorkook!

En ja, die personeel is ook maar net mense – so elkeen wil graag hê dat die aktiwiteit waarvoor hy/sy verantwoordelik is, voorkeur moet kry. So die koppe stamp gereeld, maar uiteindelik het ons soos die narre in die flieks, al die balle in die lug gehou en het ALMAL 'n beurt gekry. Wat wonderlik is, is dat net soos by jou huis, ons ook kan stoei en roei, maar uiteindelik nog lief bly vir mekaar.Miskien is dit die les wat ons almal moet onthou: Gee ruimte vir mekaar – ons is nie almal dieselfde nie – gelukkig nie!

LIEFDE! Ja, die liefde loop hoog. Behalwe dat juf.Rika se Ben en Nadia verlede vakansie afgehaak het, het mnr.Dawie en juf.Marietjie ook in Mei skoonouers geword, maar o wee, die een wat met die prys wegloop, is juf.Estelanie.Troukoors het haar behoorlik beet en dis lekker om te sien hoe opgewonde sy is om alles reg te kry vir die groot dag! Baie geluk aan die ouers, skoonouers en juf. Estelanie en Reon!

Ten slotte: Ons is BAIE trots op ons onnies wat julle kinders stof in die oë laat kyk het met die Spelling Bee. Mooi gedaan juf.Lindie, wat die wenner van die aand was!

## Soek die woorde


Chaos Blitsvinnig Deurmekaar Besig Opwindend
Lekker Uitputtend Rof Bedrywig Aktief

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B | G | U | | | | | | | | E | L | A | |
| A | E | H | P | E | | | | | | X | J | E | K | D |
| C | D | D | H | W | N | | | | C | B | T | K | G | F |
| H | R | K | K | M | A | Y | | F | E | I | T | K | A | H |
| A | Y | Q | J | B | U | I | T | P | Ü | T | T | E | N | D |
| O | W | W | D | E | U | R | M | E | K | A | A | R | I | G |
| S | I | B | L | I | T | S | V | I | N | N | I | G | O | J |
| | G | T | U | Z | X | Q | G | E | K | N | V | G | L | |
| | | U | I | O | P | W | I | N | D | E | N | D | | |
| | | | W | X | M | A | S | L | H | E | V | | | |
| | | | | N | E | S | E | U | K | G | | | | |
| | | | | | J | H | B | O | V | | | | | |
| | | | | | | R | O | F | | | | | | |
| | | | | | | | P | | | | | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | | | 7 | | 9 | | |
| 6 | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | 9 | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | 3 |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 1 |
| 7 | | | | 2 | | | | 6 |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | 4 | | | 8 | | | 7 | 9 |




More pics on www.LeFunny.net




# Zastron word in Griekeland verteenwoordig...

Ooglopend lyk die De Jager gesin maar wel... heel normaal. Dis nou sonder die uitsonderings van musiek, kuns, gasvryheid, vriendelikheid en talent. Hulle bekers loop oor! Die inwoners van Zastron ken die koshuis vader en -moeder van Rowan koshuis baie goed en hulle het in elke koshuiskind se hart n sagte plekkie, maar in tannie Elsje en oom Lomon se hart moet daar meer as een sagte plekkie wees. Ek meen... Enige ouer het sy trots.

Leendert en Lomon de Jager saam met Eduard Leonard sorg vir meer as een staande gehoor, uitverkoopte konserte met blink ligte en derduisende aanhangers in meer as een land. Die musikale drieman-skap was in Oktober 2014 besig om naam te maak in Griekeland. Hulle sing behoorlik die gehore aan die brand. Na die seisoen is hulle oppad Israel toe en daarna vaar hulle die wye wêreld in na plekke soos die Verenigde Koninkryk, Wes- Europa en die VSA. Dis duidelik dat hulle nie vinnig van plan is om terug te keer na hulle geboorteland nie, behalwe vir kort kuiers saam familie en vriende.

So Zastron... Staan gereed, want hierdie broers is besig om 'n wonderlike droom na te jaag en saam met sulke talent kom sensasie en beroemdheid, maar dit maak mos nie dat hulle nie normaal bly nie?



Nadia Malherbe

## Nuus buite Z

Alhoewel daar 'n hele wêreld met sy eie politiek, rusie, reëls en tronk op ons blou eiland is, is dit nie noodwendig die einde van alle nuuswaardighede nie-kan jy glo??

Hier is 'n paar interessante brokkies uit die groter omgewing:

- Prof Jonathan Jansen wil nou die KOVSIES se taalbeleid verander na SLEGS Engels??? 'Not 'n tiekie'–nie as die Eggo 'n sê het nie!
- Die land van melk en heuning (SA, het nou blykbaar NIE die 2010 wêreldbeker sokker aangebied op natuurskoon en suiwer meriete nie!
- Die VSA se departement van justisie beweer nou dat SA R120 000 000 betaal het aan FIFA beamptes as omkoopgeld om die bod op Suid-Afrika toe te slaan. Die Amerikaanse FBI ondersoek nou die saak. Sies man, sokkerbase!
- Die Brutal Fruit provinsiale, semi-professionele netbalreeks is in volle swang aan die gang. Elke wedstryd word begin met danspassies van die spelers–ietwat vreemd en onvanpas vra baie?? Die rede daaragter is dat Ellen Degeneres gevra het dat dit gebeur ten bate van kanker bewusmaking–cool nê?
- In April het 'n verwoestende aardbewing Nepal, Indië en Tibet getref. Die skudding het 7,8 gemeet op die Richterskaal. In Nepal is 8 000 mense dood en net minder as 100 in Indië en Tibet. Hierdie skudding is opgevolg deur meer as 200 na-skuddings en NOG 'n groot 7,3 skudding op 12 Mei. Reddingspanne van regoor die hele wêreld–ook uit Suid-Afrika–het ingespring om te help. Sit gerus die Nepalese op jou gebedslysie.
- Ons almal ken die moordende maagoefening–die PLANC. As jy dink dis moeilik om dit te hou vir 2 minute, hoor hier. George Hood, voormalige spesiale magslid, het die planc wêreldrekord verbeter deur dit vol te hou vir **5 ure,15 minute en 15 sekondes**!



Wiané Marais







Tip 2 toe Beauty Salon

Maryke Kapp

Zastron

076 6214 389

☺ Massages / full or back & neck

☺ Sport massage

☺ Aroma Stone Massage

☺ Pedicure / Parrafin

# VRA VIR DOKTER ZESKE

Liewe Dr. Zeske

Ek wil net een van my gevoelens met jou kom deel oor my vriende.

Here I go! :(

Dankie, dat dokter bereid is om die brief te lees, maar ek wil net sê: "Hoekom moet ek en my vriendinne altyd baklei?" Dit is glad nie lekker nie! Partykeer baklei ons net oor 'n pot nonsens, maar nogsteeds voel ek afgebreek. Hoe kry mens ooit weer jou maats terug?

Liefde
Nemo

Beste Nemo

Sonder vriendinne sou die lewe maar vaal gewees het, maar ons moet ons vriendinne reg kies. **Vriende is die familie wat ons self kies**, dus het ons die voorreg en verantwoordelikheid om 'n doelgerigte lewe saam te bou.

Baie keer baklei ons met vriendinne omdat ons omgee; daarom moet ons selfondersoek doen om te besef wanneer baklei ons a.g.v. liefde of sommer net omdat ons net aan onsself dink.

Gaan sit mooi en dink of die stryery gaan oor omgee, want dan is dit die moeite werd, hou vas aan sulke vriendinne! Anders is dit tyd vir nuwe vriende!

Sterkte
Dr.. Zeske

Dr. Zeske...Ons kry te veel huiswerk!! Enige raad?

Jy is met 'n doel op skool en almal wil tog iets bereik. Universiteit en grootmenslewe klink nog so vêr, maar **jy is reeds besig om te werk vir jou toekoms**! Dit wat jy insit, sal jy uitkry. So sê liewer dankie vir die onderwysers wat meer van jou verwag, want die karakter wat jy nou bou gaan jy eendag nodig hê om suksesvol te wees!

Gaan doen maar jou huiswerk!

Dr.. Zeske

# En die stooiery begin weer!

***Die fluitjie word elke kwartaal geblaas, "on your marks, get set, GO!"***

Elke dag word ons wakker en is gereed om die dag positief aan te pak. Almal mik om in die TOP 5 te kom en hulle punte te verbeter. Die huiswerk , ekstra klasse en al die moeite is alles om 'n sukses te behaal. Nie almal kan in die top 5 verskyn nie, maar dit beteken nie hulle werk nie hard genoeg nie.

'N UITTREKSEL VAN 'N ONDERHOUD MET DIE ONDER HOOFSEUN: PETER MACKAY

*Wat dink jy oor die top 5?*

Ek dink dit motiveer die leerders om harder te werk, want hulle sien dat harde werk 'n voordeel vir die ander het, maar ek dink dit werk net vir graad 4 tot 9, want van graad 10 af het ons verskillende vakke, dus kan ons dit nie met mekaar vergelyk nie. Die beste manier om in die top 5 te kom is deur 'n positiewe houding te hê. Hou kompetisie met **jouself** en verbeter jou eie punte.

ZIZIPHO HOPE SIDZAMBA









**5 stappe om te ontspan na 'n moeilike dag by die skool:**

1. Oefen
2. Lees
3. Kook
4. Organiseer
5. Speel



## 5 stappe tot 'n sterker immuniteit:

1. Kry jou stres onder beheer.
2. Kies vars voedsel
3. Voeg 'n immuun-versterker by jou daaglikse middels.
4. Oefening
5. Slaap



MH MARCO HEYMANS
FINANSIELEBEPLANNERS
Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)
Geregistreerde FSB Naam - *Marco Christo Heymans t/a Gariep Makelaars*

NUUSFLITS / NEWS FLASH

Baie dankie vir al ons kliënt se lojale ondersteuning.
Geseënde Kersfees en voorspoedig 2015
Die kantoor sal gesluit wees vanaf 19 Desember 2014 en heropen weer die 5de Januarie 2015

Spesialiseer in:
• Boedelontleding en Boedelbeplanning
• Aftree beplanning
• Korttermyn Versekering
• Mediese fondse


• Gemagtigde Finansiële verskaffer Nr. 17579
• Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA.
• Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar
• Sertifikaat van bevoegdheid in Korttermyn versekering
• Assosiaat van die Finansiële Beplannings Instituut.

2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966
(051) 683 0234/180 | 0866 045 074 | 082 7800 697 | mheymans@zipplink.co.za

## Ju-Mari is koningin

Om 'n klomp tieners te kry om op 'n plek te staan en te dans is nie aldag maklik nie. Ek dink juf. Ju-Mari kan daarvan getuig. Met tieners wat heeltyd tussen in praat en giggel is dit nogal 'n stryd om almal georganiseerd te kry. Ten spyte van juf Ju-Mari se keel wat gereeld seer is, toertjies wat hier en daar bietjie skeef loop en kwetterende dansers, is die revue op pad na 'n skitterende jaar. Hou gerus julle oë en ore oop vir hierdie jaar se revue. Daar is werklik harde werk in en ons is baie opgewonde om julle te vermaak met ons talent.

Naomi Fourie



*Acting deals with very delicate emotions. It is not putting up a mask. Each time an actor acts he does not hide; he exposes himself."*
*-Rodney Dangerfield*

## DRAMA! DRAMA! DRAMA!

Gelukkig vir die Drama Queens en Kings, het die drama oudisies vinnig begin! Op Woensdag, 29 April, het die drama oudisies plaasgevind. Die opwinding het hoog geloop toe die naamlyste vir die oudisies op die kennisgewingbord geplaas is. Almal het naels gekou van die spanning, en daar was skaterlag vir diè wat vinnig besig was om iets uit te dink vir hul improvisasie. Min of meer 34 kinders het gegaan vir oudisies,waarvan 23 dit gemaak het!Die groep gaan by verskeie Eisteddfods optree, so hou julle oë en ore oop om ons skool se drama talent te aanskou!!

Juffrou Christine Keyser en Juffrou Militia Schwartz is die nuwe drama juffrouens. Hulle is baie opgewonde oor wat vir hulle en hulle span voorlê! Baie geluk aan almal wat gekies is!!

Bernè Botha





**COUNTRY COUSIN**



COUNTRY COUSIN IN ROUXVILLE IS GELEë OP DIE N6. ONS BIED 'N VOLLEDIGE SPYSKAART AAN EN IS BEKEND VIR ONS HEERLIKE KOS TEEN UITERS BILLIKE PRYSE. ONS PIZZAS IS 'N ABSOLUTE WENNER EN LOK ONGELOOFLIKE KOMMENTAAR UIT!
STOP BY DIE ORANJE FORDKAR EN VROLIKE WINDPOMP EN KOM BELEEF 'N HEERLIKE KOSERVARING EN NEEM SOMMER 'N GESKENKIE SAAM VIR IEMAND SPESIAAL.
SKAKEL **0846992023** OF **0829001654** VIR BESTELLING.
SKAKEL ONS BY **0846992023** OF **0829001654** VIR VOORAF BESTELLINGS.

Deur Madri Goosen



# RUGBY

# Henco

| MnrDawie | Antwoorde |
| --- | --- |
| Beskryf Henco in 3 woorde | Lojaal, nederig, gedetermineerd. |
| Wat het Mnr. al by Henco geleer? | Sy pligsgetrouheid. |
| Wat is die verskil tussen Henco en Behan? | "10 jaar" ek dink Behan is meer akademies op die stadium as wat Henco in gr.7 was. |
| Het Mnr. 'n invloed op Henco se keuses? | Glad nie. Hy sal my vra vir raad en hulp, maar maak sy eie besluite. |
| Watter karaktereienskappe het Henco by Mnr gekry? | "Alles" ek dink die feit dat ons altyd weer opstaan as ons geval het. |
| Wat sien Mnr vir Henco se toekoms? | Ek hoop dat al sy drome sal waar word. |







Hendrik Petrus Venter

Gebore: 27 Maart 1992


Hoogte: 1.87m

Gewig: 97kg

Posisie: flank

| Vrae | Antwoorde |
| --- | --- |
| Waar het jy jou liefde vir rugby gekry? | Definitief by my ouers en familie. |
| Kan enige iemand rugby speel of moet 'n mens, maar talent hê? | Enige iemand kan rugby speel, harde werk wen talent. |
| Wie is jou rolmodel? | Definitief my ouers. |
| Probeer jy graag vir Behan as "ouboet" 'n voorbeeld stel? Of moet hy maar uit sy eie foute leer? | Ja, ek is 'n voorbeeld vir hom. Hy moet uit my foute leer en hy moet ook self foute maak en die harde pad stap. |
| Watter invloed het jou ouers op jou lewe gehad? | Die grootste van al die mense, jou ouers help met die vorming van die mens wie jy is. |
| Wat het jou laat besluit om teologie te swot? | Ek het gevoel ek moet en om ander mense te help. |
| Wat is jou grootste droom? | Ek het 'n klomp drome wat bereik moet word so dis moeilik om een uit te sonder ... op die oomblik is dit om my graad te kry. |
| Hoe het dit vir jou gevoel toe jy hoor jy is in die " dream team" | Ek was baie bly, dit was 'n lekker beloning vir al die harde werk. |
| Sal jy rugby bo iets of iemand anders kies? | Nie noodwendig nie, maar dit hang af van die konteks waarin ek myself op die oomblik bevind. |
| Sal jy jouself as 'n romantiese tipe ou beskryf, en hoekom? | Ja, nogals, ek dink elke ou het 'n romantiese kant. |
| Waar is jou droom bestemming vir as jy klaar gestudeer het of gaan jy eers trou en dan besluit? | Ek weet dit nog nie, maar sal sien hoe die lewe verloop. |
| Watter raad het jy vir mense wat jou as 'n rolmodel beskou? | Volg al jou drome en maak dit werk. Moenie verwag iemand anders gaan dit vir jou doen nie. |
| Is daar geheime van jou skooldae waarvan jou ma'le nie weet nie? | Nee , ag almal het maar uitgeslip om te gaan swem en so. |
| Beskou jy jouself as 'n "Chick magnet" of is jy maar skaam vir die meisies? | Ek's nie skaam nie, maar ek sal nou nie sê ek's 'n chick magnet nie. |
| Wat was jou mees embarassingste oomblik ooit? | Ek het 'n vriend van my se pa se bakkie se spieël uitgegooi met 'n klip. Om dit vir hom te gaan sê. |
| Verkies jy die plaas of is jy maar 'n stadsjapie? | Definitief die plaas. |
| Beskryf jouself in 3 woorde? | 'n Goeie mens. |





| Juffrou Marietjie | Antwoorde |
| --- | --- |
| Beskryf vir Henco in 3 woorde | Sosiaal, liefdevol en lojaal. |
| Wat is Juf. se grootste vrees as Henco op die rugbyveld uitdraf? | Ooh hy moet net nie seer kry nie. |
| Watter disse van Juf. is Henco se gunsteling? | "Alles" Angelina se vetkoeke. |
| Wat doen Henco wat vir Juf spesiaal is? | Ag,hy gee my altyd drukkies, soen my en sê hy is lief vir my. Hy laat my vreeslik spesiaal voel. |
| Het Henco 'n verskuilde talent? | Ek dink 'n goeie spreker. |
| Wat doen Juf. wat vir Henco baie skaam maak? | Ek 'Mother' hom. Sê hy moet sy pilletjies drink, apteek toe gaan en sy kamer netjies maak. |

| Behan | Antwoorde |
| --- | --- |
| Beskryf Henco in 3 woorde | Streng, nice en FIKS. |
| Stel Henco vir jou 'n voorbeeld? Of is hy maar soos enige ander-normale ouboet wat mens 'n bietjie boelie? | Hy stel 'n baie goeie voorbeeld en gee baie goeie raad! Soms hou ons "bibi gun fights" Ek het altyd die groter geweer. |
| Wat is Henco se gunsteling woord of frase om te sê? | Flippit!! |
| As jy in die moeilikheid is, gaan vra jy partykeer vir Henco vr raad? | Ja, ek vra hom altyd "watse storie kan ek vir ma-hulle sê?" |
| Wat kan Henco GLAD nie doen nie? | Hahaha, sing. |
| Wat maak Henco anders? | Die feit dat hy so goed rugby speel en nogsteeds so lief is vir my. Hy maak altyd tyd vir ons gesin. |
| Wat doen Henco waarvan niemand weet nie? | Hy loop in sy slaap en slaan goed. (Het eenkeer sy bed stukkend geslaan.) |

# Saam met die EGGO










## Meeting my hero!










## Teken kompetisie

2de

Hendrik



1ste

Joané



3de



AJ

Kleurdruk: Ware Woorde